

Kaapse Aftreefonds vir Plaaslike Regering

Opsomming van die Aktuariële Waardering soos op 30 Junie 2014

1. Inleiding

Hierdie opsomming weerspieël die resultate van die aktuariële waardering van die Kaapse Aftreefonds vir Plaaslike Regering (die Fonds), wat uitgevoer is soos op 30 Junie 2014.

Die doel van die waardasie is om:

- (a) die finansiële toestande van die Pensioenarisrekening, en die Lidbelangrekening, te bepaal deur middel van 'n vergelyking tussen die waarde van die bates en dié van die laste vir die onderskeie rekeninge;
- (b) die verklarings van beleggingsopbrengste vir aktiewe en uitgestelde lede na te sien;
- (c) die saldo's van die onderskeie Fondsrekeninge te bepaal;
- (d) die toekenning van bydraes tot aftreevoordele na te sien; en
- (e) pensioenverhogings vir pensioenarisse aan te beveel.

2. Voordele

Die Fonds bied vastebydrae-voordele aan sy aktiewe lede en uitgestelde lede. Die voordeel betaalbaar by diensbeëindiging van 'n lid is die lid se Lidbelangrekening. Dit is grotendeels gelyk aan die bydraes (ná koste) met die toevoeging van beleggingsopbrengs.

Lede het verskillende opsies met betrekking tot versekerde sterfte- en ongeskiktheidsvoordele (wat bykomend tot die Lidbelangrekening betaal word), met die ooreenstemmende verskille in bydraes wat toegeken word aan Lidbelangrekeninge.

Die Fonds betaal maandelikse pensioene aan pensioenarisse met teiken pensioenverhogings van 100% van prysinflasie.

3. Lidmaatskap

Soos op datum van waardasie was daar 37 099 aktiewe en uitgestelde lede en 725 pensioenarisse, insluitende 188 ongeskiktheidspensioenarisse.

4. Bates

Die totale waarde van die netto bates van die Fonds, soos op die datum van waardasie, het R17.212 biljoen beloop. Na aftrekking van die Risikoreserwe rekening van R22.3 miljoen en die Datareserwe rekening van R16.7 miljoen, die gesamentlike bates van die Lidbelangrekening, Bewaringspensioenfondse rekening en Pensioenarisrekening beloop R17.173 biljoen soos op 30 Junie 2014.

5. Groeiportefeulje

Beleggingsopbrengste word maandeliks toegeken aan Lidbelangrekeninge. Dit is gebaseer op die werklike netto beleggingsgroei wat die Fonds verdien. 'n Effektiewe bonuskoers van 24.5% per jaar is vir die Groeiportefeulje vir die jaar geëindig 30 Junie 2014 verklaar.

6. Beskermingsportefeulje

Die Fonds bied 'n Beskermingsportefeulje vir lede 50 jaar en ouer. Die doelwit van hierdie portefeulje is om beskerming te bied teen markskommeling vir lede naby aan aftrede. Die effektiewe bonuskoers vir lede wat die Beskermingsportefeulje gekies het was 6.5% per jaar vir die jaar geëindig 30 Junie 2014.

7. Gematigde Portefeulje

Die Fonds bied ook die Gematigde Portefeulje vir lede 50 jaar en ouer. Lede 50 jaar en ouer mag 50% of 100% van hulle Lidbelang belê in die portefeulje. Die bates van die Gematigde Portefeulje word beperk tot tussen 18% en 56% in aandele-beleggings en word bestuur op 'n "lewensfase" basis afhangende van die ouderdom van die lid. Die effektiewe bonuskoers vir lede wat die Gematigde Portefeulje gekies het was 12.8% per jaar vir die jaar geëindig 30 Junie 2014.

8. Pensioenaris Portefeulje

Die bates van die pensioenarisportefeulje is belê om ongeveer ooreen te stem met die termyn en die aard van die pensioenaris laste. Die effektiewe bonuskoers op die pensioenarisportefeulje beloop 12.4% per jaar vir die jaar geëindig 30 Junie 2014.

9. Pensioenverhoging en Bonus

'n Pensioenverhoging van 5.5% effektief vanaf 1 Maart 2014, was toegeken aan pensioenarisse.

'n Diskresionêre bonus gelykstaande aan 100% van een maand se pensioen was ook betaalbaar in Desember 2013.

10. Fondsrekeninge

Die finansiële toestand soos op 30 Junie 2014 van die onderskeie Fondsrekeninge is as volg:

<u>Lidbelangrekening</u>	R 000
Bates in die Lidbelangrekening	16 488 416
Lidbelang	<u>(16 508 462)</u>
Beleggingsreserwe	(20 046)
<i>Befondsingsvlak van die Lidbelangrekening</i>	99.9%

<u>Bewaringspensioenfonds rekening</u>	R 000
Bates van die Bewaringspensioenfonds rekening	61 902
Lidbelang	<u>(61 902)</u>
Beleggingsreserwe	0
<i>Befondsingsvlak van die Bewaringspensioenfonds rekening</i>	100.0%

<u>Pensioenarisrekening</u>	R 000
Markwaarde van bates	622 536
Pensioenaris-verpligting (mark verwante)	<u>(552 784)</u>
Surplus	69 752
<i>Befondsingsvlak van die Pensioenarisrekening</i>	112.6%

11. Samestelling van die Bydraekoerse

Bydraes as 'n persentasie van salarisse	Totaal	A	B	Kategorie				
				C	D	E	F ¹	G
Plaaslike Owerheid bydrae ²	18.00	18.00	18.00	18.00	18.00	18.00	18.00	18.00
Minus:								
Risikokostes en uitgawes ³	(4.18)	(3.73)	(5.73)	(2.73)	(0.73)	(3.98)	(3.66)	(1.33)
Netto Plaaslike Owerheid bydrae	13.82	14.27	12.27	15.27	17.27	14.02	14.38	16.67
Plus: Lidbydrae ²	9.00	9.00	9.00	9.00	9.00	9.00	9.00	9.00
Beskikbaar vir aftreevoordele	22.82	23.27	21.27	24.27	26.27	23.02	23.38	25.67

- Opsie F bied 'n enkelbedrag sterftevoordeel vir lede tussen die ouderdomme van 65 en 75 jaar.
- Gekontrakteerde werknemers het die Opsie om 7.5% by te dra en die Plaaslike Owerheid bydrae is 19.5% vir sodanige lede. Raadslede dra 7.5% by en die Plaaslike Owerheid bydrae ten opsigte van Raadslede is 19.5%.
- Die befondsing van uitgawes is gebaseer op 'n glyskaal afhangende van elke lid se salaris. Die koste toelae verteenwoordig 'n gemiddelde van die totale koste van befondsing voorsiening, uitgedruk as 'n persentasie van salaris.

Die Fonds het 'n nuwe risiko-voordele-kategorie G vanaf 1 Oktober 2013 bekend gestel. Hierdie kategorie bied 'n basiese sterftevoordeel van een keer jaarlikse salaris. Alle lede in Kategorie D voor hierdie datum was die geleentheid gegee om te skuif na Kategorie G of enige ander kategorie. Met ingang van 1 Oktober 2013 is Kategorie D gesluit vir lede onder die ouderdom van 50. Lede kan nou net Kategorie D verkies as hulle ouer as die ouderdom van 50 of 'n raadslid is.

12. Finansiële toestand

Die Fonds is in 'n gesonde finansiële toestand soos op die datum van waardasie, na toelaating vir 'n aanpassing van -0.13% aan die Lidbelangrekening.

Sean Neethling, BSc CFP® FIA FASSA

Genoot van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika (primêre reguleerder), in my hoedanigheid as Aktuaris van die Fonds en as 'n werknemer van MMI Groep Beperk.

26 Januarie 2015